

11 Maart

Skrifgedeelte: Markus 3:7-19 (OAV)

Jesus wys self sy verkondigers aan

Vir baie van ons maak dit nie saak wie Jesus se Naam in hierdie wêreld bekend maak nie. Solank Hy maar as die Seun van God verkondig word, het ons vrede daarmee. Jesus oordeel egter anders. Die onreingeeste wat Hom sien, verkondig Hom as die Seun van God. Telkens as hulle met Hom te doen kry het hulle voor Hom neergeval en geskreeu dat Hy die Seun van God is. Jesus laat hierdie ongevraagde publisiteit nie toe nie. Hy het hulle herhaaldelik gebied om stil te bly.

Hy wil egter wel dat sy Naam bekend gemaak word aan alle nasies. Maar dan deur die instrumente wat Hyself daarvoor kies en voorberei. Saam met die opdrag om te preek ontvang hierdie dissipelkring, hierdie begin van God se eie volk, ook die mag om siekes te genees en duiwels uit te dryf as bewys dat hulle optree as gesante van die Sender.

En hoe goed ken Jesus nie hierdie dissipelkring nie. Hy gee aan die binnekring byname: Simon word Petrus, die Rotsman; Jakobus en Johannes, word Seuns-van-die-Donder, want dis God se Woord wat voortaan deur hulle mond moet weerklink. Ja, selfs Judas, die een wat Hom verrai het, word geroep en opgeneem in hierdie kring van dissipels. So wys Jesus dat Hy van die begin af nie die verwerping ontwyk het wat deur sy eie mense sou plaasvind nie.

Die onrein geeste basuin sy Naam uit, maar hoeveel oor Hom is hoorbaar uit óns monde, ons wat self ook geroepe volgelingen is? Alle verskonings wat ons so dikwels wil voorhou val weg as ons besef dat Hy ons ook elkeen by die naam ken en by die naam geroep het as sy verkondigers.

Sing: Psalm 2:6

Ds BC Smit (Brits-Wes)